die passies van Laurika Rauch

Haar stem doen vir die oor wat romerige, ryk sjokolade vir die siel doen. Laurika Rauch is vanjaar 21 jaar in die musiekbedryf. Haar spesiale album vir dié mylpaal is *Laurika Rauch – 19 treffers van 21 Jaar*. Sy en Marlene Serfontein het ook onlangs Laurika Rauch Boeke gestig en hul eerste publikasie heet *Laurika Rauch Treffers vir Klavier en Kitaar*. Ná twee dekades het sy dertien albums op haar kerfstok en vele pryse: 'n Sarie (1980) as belowendste sangeres, 'n Gallo vir haar optrede in *Van Berlyn tot Bapsfontein*, 'n Octave in 1990 vir *Stuur Groete aan Mannetjies Roux* en 'n ENB Sama vir *Hot Gates*.

HOOFFOTO: DEUR LAURIKA

Die verskillende teksture en 'buie' van lig, soos gespikkelde ligvlekke wat deur blare val en wolkformasies. Dit roer haar sinne. Dertien jaar gelede, toe sy en haar man, Chris Torr, hoogleraar in die ekonomie aan Unisa, huis gebou het in Northcliff, Johannesburg, het hulle die argitek gevra om te sorg vir deurskynende dakke sodat mens die wolke daardeur kon sien.

Laurika het al by geleentheid gesê: 'I feed off the talent of other people.' Sy bewonder goeie werk van ander kunstenaars – enigiets wat die sintuie raak. 'Die talent van medekunstenaars is iets waaruit ek emosioneel baie put. Dis soos om 'n oomblik van ontmoeting te beleef.'